HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2013

EINDEKSAMEN

GRAAD 10

PUNTE : 100

TYD : 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A : | Opstel | (50) |
   | AFDELING B : | Langer transaksionele teks | (30) |
   | AFDELING C : | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 – 200 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.

1.1

# GROOTWORD IS NIE VIR SISSIES NIE!

Om groot te word is nie so maklik nie. Vertel van 'n insident waar jy hierdie woorde gebruik het.




[50]

**OF**

1.2

# Liewer bang Jan as dooie Jan



Almal was al bang vir iets in hulle lewens. Vertel van 'n skrikwekkende insident waarin jy dié woorde gebruik. [50]

OF

1.3 **OM RYK TE WEES IS NIE ALLES NIE** .....




[50]

Stem jy saam met die stelling? JA/NEE? Verduidelik in 'n beredenerende opstel waarom jy so sê.

**OF**

1.4 **Ek was daar!**



Dink aan enige musiekkonsert, kunstefees of sportbyeenkoms wat jy nooit sal vergeet nie en vertel dan in 'n beskrywende opstel daarvan. [50]

**OF**

1.5 **My rolmodel**




Is daar iemand wat 'n groot rol in jou lewe speel of gespeel het? Wie is die persoon? Hoe het hierdie persoon jou lewe beïnvloed of verander? Hoekom is hierdie persoon jou rolmodel? Verduidelik in 'n verklarende opstel. [50]

**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aanpas.

1.6.1



[50]

**OF**



2.2 **DIALOOG**

'n Baie snaakse insident het die ander dag by die skool plaasgevind en julle lag nou nog daaroor. Jy en 'n maat bespreek die insident en gee julle gevoelens daaroor. Onthou die formaat van die dialoog! [30]

**OF**

2.3 **'n HULDEBLYK**

Msgr. Anthony J. Barretta was buried from Our Lady of Hope Church on January 3, 2004. He died December 30, 2003 at the age of 81. Born in Brooklyn, he attended St. Michael's Diocesan High School and was graduated in 1940. During his time at St. Mike's, he excelled at track. In 1938 his team won the CHSAA title by 22 points. In 1940, he led the Jr. Midgets to a CHSAA win with 50.4 points. He was honored for his athletic achievements by being inducted into the St. Michael's Hall of Fame.



Msgr. Anthony J. Barretta 1922 - 2003

Iemand baie na aan jou is onlangs oorlede en jy is gevra om 'n doodsberig ('n kennisgewing) in die koerant te plaas. Skryf nou die doodsberig. Onthou om al die relevante inligting te gee. Hou dit kort en bondig. [30]

**TOTAAL AFDELING B : 30**

AFDELING C : KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp bo-aan.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

3.1 **INLIGTINGSPAMFLET**

# Die stad waar ek woon.

Die munisipaliteit het die hoërskoolleerlinge gevra om Durban of enige ander stad in ons land te adverteer.



Ontwerp 'n pamflet met die volgende inligting:

- Unieke plekke om te besoek.
- Wat mense daar kan doen.
- Waar toeriste kan bly.
- Wie mense kan kontak vir verdere inligting.
- Onthou om dit kleurvol en interessant te maak [20]

3.2 DAGBOEKINSKRYWING

geheime geheime geheime geheime


Jy het iets gedoen wat jy vir almal geheim hou. Jy voel egter jy moet dit van jou bors af kry (get it off your chest) sonder om dit vir iemand te vertel. Jy skryf dit dus in jou geheime dagboek. Onthou om jou gevoelens te gee. Hou by die basiese formaat.

[20]

3.3 **POSKAART**

Jy is op toer saam met jou skool oorsee. Jy skryf 'n poskaart aan jou ouers waarin jy vertel van al die plekke wat julle al besoek het, jou ervarings en wie jy ontmoet het.

Teken die poskaart oor in jou ***antwoord boek*** en skryf jou boodskap volledig uit. Onthou om jou boodskap kort te hou.




[20]

**TOTAAL AFDELING C : 20**

**SOMTOTAAL VIR VRAESTEL 3 : 100**